


6. **GEVALLESTUDIE 4 (KOBUS)**

FIGUUR 2: GENOGRAM (GEVALLESTUDIE 4)



Agtergrondgegewens

Kobus se ouers is van mekaar vervreemd na 'n huwelik wat deur huweliksgeweld, materiële nood, alkoholmisbruik en buite-egtelike verhoudings gekenmerk was. Kobus het ook 'n halfbroer uit sy moeder se vorige huwelik wat onbekend aan hom is. Kobus se vader het hom, sy suster en moeder verlaat sonder om 'n adres van homself te verskaf. Kobus het saam met sy moeder en suster by sy materne oom en tante gebly aangesien hulle geen heenkome gehad het nie. Kobus se moeder het daarna self geswerf, was meestal werkloos en het haar kinders in hul oom en tante se sorg gelos. Die twee kinders is daarna in pleegsorg by 'n ander egpaar op Brits geplaas. Die egpaar het Kobus se suster aangeneem. Kobus se plasing by genoemde

egpaar misluk vanweë sy gedragsprobleme en hy word in pleegsorg by 'n ander egpaar oorgeplaas. Genoemde plasing het weereens misluk en hy word in pleegsorg by sy materne oom en tante geplaas, by wie hy, sy moeder en sussie aanvanklik gewoon het. Hy verkeer tans steeds in hulle sorg (sedert Februarie 1995).

Sessie 1: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om te bepaal in watter mate Kobus met homself en sy omgewing in kontak is sodat hy met sy emosies in kontak kan kom.

Speltherapietegniek: Sensoriese kontakmaking (Oaklander, 1988:109-119).

Doel van die tegniek:

Om te bepaal in hoe 'n mate die kind sensories in kontak is.

Verloop

Die terapeut het saam met Kobus in die tuin rondgeloop. Hy het self die kleure onderskei van alles wat hy sien. Uit gesprek het dit geblyk dat Kobus sekere emosies aan verskillende kleure koppel, byvoorbeeld:

- * Groen : Rustigheid (soos in die natuur)
- * Blou : Varsheid (alles lyk helder)
- * Geel : Vrolikheid ("dit lyk of die blommetjies glimlag")
- * Grys : Bedruk (bewolktheid voor dit reën)
- * Rooi : Energie ("Dit maak my lus om te storm")

Tema

Geen spesifieke tema het na vore gekom nie. Daar is hoofsaaklik slegs op die opbouing van die terapeutiese verhouding gefokus en op die kind se kontakmaking met sy omgewing en homself.

Evaluasie

Kobus het in die skyvlaag van sy weerstandsvlakke verkeer (Thompson & Rudolph, 1992:112). Hy is sensories in kontak met homself en kan assosiasies maak. Die terapeut was deurentyd bewus van 'n onderdrukte energie wat Kobus in toom probeer hou. Genoemde sessie was suksesvol in die sin dat die doel wel bereik is.

Sessie 2: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om die kind se ervaring van sy huidige situasie te evalueer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Gesinstekening (Schoeman & Van der Merwe, 1996:146).

Doel van die tegniek:

Om onvoltooidhede en polariteite by die kind te bepaal.

Verloop

Die terapeut het Kobus versoek om 'n gesinstekening te maak. Hy het besonder lank geneem en daar was baie detail op die tekening. Hy het sy hele gesin soos volg geteken:

- * Sy ma is klein en bo-aan die linkerkantste hoek geteken.
- * Hy en sy sussie is in die middel en hou hande vas.
- * Sy pa is heeltemal afwesig.
- * Sy ma kyk in 'n ander rigting.
- * Sy sussie se hare hang in haar oë sodat haar gesig nie gesien kan word nie.
- * Sy eie gesig is uitdrukkingloos.
- * Hy het eers later tydens die sessie sy oom en tannie (pleegouers) geteken, wat albei eenkant op 'n stoel sit.

Hy het ontken dat hy by sy oom en tannie is want "ek hou nie van hulle nie." Hy kan nie sy sussie se gesig sien nie omdat hy nie weet hoe sy lyk nie. Hy beleef sy ma as afwesig en onbetrokke. Dit was vir die terapeut duidelik dat hy 'n onvoltooidheid in sy lewe rondom sy suster ervaar - hy sou graag by haar wou "speel".

Tema

'n Tema van onderdrukte aggressie rondom sy situasie word ervaar. Dit lyk op die oog af of hy met alles tevrede is. Uit die gesinstekening blyk dit egter dat hy sy hele gesinsopset negatief beleef.

Evaluasie

Kobus het tydens hierdie sessie minder weerstand as in die vorige sessie getoon. Hy is baie antagonisties teenoor sy ma en beskou sy pa as 'n persoon wat nie deel van sy lewe is nie. Tydens hierdie sessie ervaar hy ook antagonisme jeens sy pleegouers, maar die terapeut kon nie deur verdere eksplorering die oorsaak van hierdie gevoelens bepaal nie. Kobus het genoem dat hy "nie meer wil praat nie" en daarna op 'n groot klip gaan sit. Hy het 'n verlange na sy sussie, maar beskryf haar as 'n gelukkige dogtertjie.

- * "Die mense by wie sy nou bly, het haar gekies, hulle het my weggegee."

Sessie 3: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind .

Doel van die sessie:

Om verder rondom Kobus se belewenis van sy huidige situasie te eksploreer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Klei (Oaklander, 1988:69).

Doel van die tegniek:

Om verder rondom polariteite, introjekte en onvoltooidhede in die kind se lewe te eksploreer.

Verloop

Kobus het tydens hierdie sessie 'n lustou ("lasso") met klei gemaak. Die terapeut het 'n bal gemaak. Uit hierdie sessie blyk die volgende:

- * Hy beleef sy oom as 'n "cowboy" wat almal met sy "lasso" wil vasbind.
- * Hy voel soos 'n gevangene by die huis.
- * Sy ma is 'n "koei" wat reeds vasgebind is en geen poging aanwend om te ontsnap nie.
- * Hy skop en slaan sodra hy "gevang" word.

Tema

'n Tema van hulpeloosheid en vasgekeerdheid het in hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Dit het in hierdie sessie geblyk dat Kobus homself as 'n gevangene beskou in 'n situasie waaruit hy probeer loskom. Hy het erken dat hy "lelike dinge" sal doen

wat sy oom baie kwaad maak. Die terapeut beleef tydens hierdie sessie weereens 'n onderdrukte aggressie vanweë sy huidige omstandighede. Tydens hierdie sessie het die terapeut haar deur die kind se prosas laat lei en hom sy aggressie laat uitspeel, deur hom aan te moedig om die kleifigure inmekaar te druk en te slaan totdat hy moeg is.

Evaluasie

Sessie 4: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om verder rondom onvoltooidhede in Kobus se lewe te eksploreer.

Speltherapietegniek: Onvoltooidesinne (Thompson & Rudolph, 1992:115).

Doel van die tegniek:

Om Kobus te lei om onvoltooidhede wat hy mag ervaar, te erken en te verbaliseer.

Verloop

Die terapeut het die onvoltooidesinne opgestel wat die aggressiewe neigings van Kobus sal kan beskryf. Die volgende het aan die lig gekom:

- * *Ek hou van ... my sussie.*
- * *Ek is lief vir ... roomys/rugby/TV kyk.*
- * *Ek hou die minste van ... skool.*
- * *Ek wens ... ek kan by my sussie speel.*
- * *My pa ... is weg.*
- * *Ek haat ... my oom.*
- * *My ma ... kla net altyd.*
- * *Ek wil nie ... hier bly nie.*

Tema

Kobus se aggressie teenoor sy omstandighede het sterk na vore gekom. 'n Tema van 'n verlange na sy sussie het tydens hierdie sessie die botoon gevoer.

Evaluasie

Evaluasie

Kobus het tydens hierdie sessie deur sy weerstandsvlakke beweeg en by die "impasse" vasgehaak (Thompson & Rudolph, 1992:112). Hy ervaar 'n onvoltooidheid ten opsigte van sy sussie en voel magteloos om enigiets aan sy huidige situasie te verander. Dit veroorsaak onderdrukte aggressie by hom. Hy toon ook 'n apatiese houding jeens sy pa en sy ma is vir hom net 'n las.

Sessie 5: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Kobus te help om met sy gevoelens (aggressie) in kontak te kom.

Speltherapietegniek: Aggressie-ontlading

Doel van die tegniek:

Om Kobus te lei om sy onderdrukte aggressie te ontlaai.

Verloop

Die terapeut het voorgestel dat hulle 'n bietjie tydens hierdie sessie sal speel. Sy het voorgestel dat hulle 'n kussinggeveg in die tuin hou. Kobus was baie opgewonde en het sommer dadelik begin slaan, terwyl die terapeut hom hou vir hou teruggeslaan het. Daar was ook min woordewisseling. Die kussinggeveg het aangehou totdat albei baie moeg was.

Tema

Daar is hoofsaaklik op aggressie-ontlading gefokus.

Evaluasie

Kobus het baie by die aggressie-ontlading baatgevind. Die terapeut kon dit deur die duur van die kussinggeveg bepaal wat baie lank aangehou het. Na afloop van die geveg was hy baie moeg en het hy min gepraat. Kobus het tydens hierdie sessie ook baie min weerstand getoon.

Sessie 6: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om rondom Kobus se vrese en verwagtinge te eksploreer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Tekeninge ("My monster")
(Oaklander, 1988:21)

Doel van die tegniek:

Om Kobus se onsekerheid, vrese en verwagtinge rondom sy huidige situasie te bepaal.

Verloop

Kobus het 'n stokkiesfiguur geteken wat die hele bladsy beslaan het. Dit was sy oom (pleegvader). Uit hierdie sessie blyk die volgende:

- * Sy oom gee hom vir enigiets pak, selfs al het hy niks gedoen nie.
- * Hy moet heeldyd by sy oom hoor hoe "sleg" sy ma is.
- * Hulle het partymaal nie eers kos om te eet nie.

* Sy oom sit net die hele dag by die huis en skree aanmekaar.

Die terapeut het na afloop van die sessie 'n selfkoesteringstegniek toegepas (Schoeman & Van der Merwe, 1996:181). Hy het sy veilige plekkie beskryf en hom verbeel dat hy daar is.

Tema


Tydens hierdie sessie het Kobus se magteloosheid ten opsigte van sy situasie na vore gekom, deurdat hy pertinent noem dat dit "maar so is". Sy liggaamshouding toon tekens van apatie aangesien hy voel dat hy nie sy situasie kan verander nie. Kobus het sy hande in sy sakke gesteek en met sy rug teen die muur geleun, terwyl die terapeut rondom die tekening geëksploreer het.

Evaluasie

Kobus het tydens hierdie sessie ook baie min weerstand getoon. Dit blyk dat hy sy pleegsituasie baie negatief ervaar. Die feit dat hy nêrens anders kan gaan bly nie, laat hom magteloos voel. Hy ervaar dus baie onderdrukte aggressie omdat hy sy gevoelens van magteloosheid nie kan beheer nie. Hy het ook 'n vrees vir die toekoms, omdat hy "nie vir altyd by my oom wil bly nie".

7. **GEVALLESTUDIE 5 (LOUW)**

FIGUUR 3: GENOGRAM (GEVALLESTUDIE 5)



Agtergrondgegewens

Louw se vader (68 jaar) het aanvanklik 'n verhouding met sy vrou se moeder gehad. Die verhouding het misluk en hy is daarna met sy vrou getroud nadat sy buite-egtelik met Louw swanger geraak het. Dit was 'n gedwonge huwelik. Die huwelik is deur geweld, alkoholmisbruik en buite-egtelike verhoudings gekenmerk. Louw se moeder het hom en sy vader verlaat, en by haar saamleefmaat ingetrek. Sy vader was sieklik en werkloos, en kon nie die fisiese versorging van Louw waarneem nie. Louw se vader het ook 'n saamleefverhouding aangeknoop waar geweld voorgekom het. Hulle was fisies, emosioneel en finansieël nie instaat om langer Louw se versorging te behartig nie. Hy word in April 1994 by sy materne oom en tante in pleegsorg geplaas.

Sessie 1: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om te bepaal in watter mate Louw sensories met homself en sy omgewing in kontak is.

Speltherapietegniek: Sensoriese kontakmaking (Oaklander, 1988:109-119).

Doel van die tegniek:

- * Om te bepaal in watter mate Louw met homself en sy omgewing in kontak is en hom dus met sy emosies in kontak te bring.
- * Om die opbouing van die terapeutiese verhouding te bevorder.

Verloop

Die terapeut het Louw op sy rug laat lê en sy oë laat toemaak. Hy moes geluide en reuke beskryf, en ook hoe dit hom laat voel. Die terapeut het hom ook 'n

ontspanningsoefening laat doen deur diep asemhaling en sy ledemate (tone, voete, bene, heupe, arms, hande en kop) afsonderlik te beweeg. Die oefening is twee keer herhaal.

Tema

Geen spesifieke tema het tydens hierdie sessie na vore gekom nie. Die atmosfeer was rustig en die sessie het tydszaam verloop.

Evaluasie

Louw was baie teruggetrokke tydens hierdie sessie, maar het namate ontspan. Hy was in die skynlaag van sy weerstandsvlakke (Thompson & Rudolph, 1992:112). Vanweë die feit dat die terapeutiese verhouding nog nie gevestig was nie, het die terapeut hom nie daarvoor gekonfronteer nie.

Sessie 2: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Louw se emosionele belewenis van sy huidige situasie te bepaal.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Tekening (Schoeman, 1996:90).

Doel van die tegniek:

Om te bepaal in watter mate Louw se huidige omstandighede hom emosioneel beïnvloed.

Verloop

Louw het 'n voël geteken wat 'n groot deel van die bladsy beslaan het. Hy het 'n veertjie verloor wat op die grond gelê het. Die lug was rooi, en die voël is in

swart geteken. Die volgende het uit die gesprek na vore gekom:

- * Deur te vlieg, kan niemand die voël vang nie.
- * Dis heeldyd skemer.
- * Die voël word nooit moeg nie.
- * Die veertjie word met eensaamheid geassosieer (“hy lê dan alleen ...”).

Tema

‘n Tema van eensaamheid met ‘n ondertoon van depressie het tydens hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Louw het deurgaans baie weerstand getoon en het met tussenposes by die terapeut verbygestaar. Hy is nog nie met sy emosies in kontak nie en verbaliseer sy gevoelens selde. Hy noem dat hy van die skemer hou aangesien dit so ‘n mooi kleur is. Louw toon ook baie apatie en het tydens konfrontasie net sy skouers opgehaal.

Sessie 3: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om te bepaal in watter mate Louw sy pleegsorgsituasie ervaar en hanteer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Klei (Oaklander, 1988:69).

Doel van die tegniek: Gevoelsteek

Om Louw se emosionele belewenis van sy pleegsorgsituasie te evalueer.

Om Louw tot die bewuswording van sy eie gevoelens te lei en om te bepaal wat

Verloop

Louw het tydens hierdie sessie aan die terapeut genoem dat hy eerder met die klei wil speel. Hy het 'n stoel gemaak en die terapeut het 'n kussing gemaak. Uit hierdie sessie kom die volgende na vore:

- * Hy sit altyd op die stoel wanneer hy TV kyk.
- * Die stoel staan alleen in die groot vertrek.
- * Die stoel staan in sy tannie se huis.
- * Die stoel is baie gemaklik.

Tema

'n Tema van eensaamheid het in hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Louw het tydens hierdie sessie ook weerstand getoon deurdat hy apaties was sodra hy met emosies gekonfronteer word. Hy was heeldyd lusteloos en belangeloos. Hy het ook baie min gevoelens geverbaliseer en min oogkontak gemaak.

Sessie 4: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Louw se gemoedstoestand te bepaal.

Speltherapietegniek: Gevoelskaarte (lynassos van die Amerikaanse kunstenaar by die naam van Mowbray, Crampson & Rudolph, 1992:11). Hy sê dat hy nie kan sê wat hy voel nie.

Doel van die tegniek: Hy sê dat hy nie kan sê wat hy voel nie. Hy sê dat hy nie kan sê wat hy voel nie.

Om Louw tot die bewuswording van sy eie gevoelens te lei en om te bepaal wat

tot sy gevoelens aanleiding gee.

Verloop

Louw het die volgende gevoelskaart (gesiggie) gekies:



Die gevoel is: Eensaam

Louw het die volgende erken wat as introjekte geeien kan word:

- * "My tannie wil nie tyd saam met my spandeer nie."
- * "Niemand luister in elk geval na wat ek sê nie."
- * "My ma en pa hou mos nie van my nie."
- * "Dis beter as ek alleen is, dan pla ek niemand nie."

Tema

'n Tema van verwerping het tydens hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Louw het tydens hierdie sessie verby die skynlaag van die weerstandsvlakke tot by die "impasse" beweeg (Thompson & Rudolph, 1992:112). Hy toon steeds min emosie alhoewel hy sy emosies meer geredelik as in die vorige sessie geverbaliseer het. Hy ervaar homself as 'n buitestaander wat op homself aangewese is. Hy ervaar egter geen probleme met sy pleegsorgsituasie nie en

dit gaan met gelatenheid gepaard. Hy ervaar verwerping van sy ma en pa met wie hy ongereelde kontak het.

Sessie 5: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om rondom Louw se polariteite en onvoltooidhede in sy lewe te eksplloreer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Sandspel (Jennings, 1993:59).

Doel van die tegniek:

Om te bepaal wat die onvoltooidhede en polariteite in die kind se lewe is en hoe hy dit hanteer.

Verloop

Louw het baie tyd in beslag geneem terwyl hy 'n dieretuin in die sandbak opgestel het. Hy het die diere beskryf en gekies om die leeu te wees. Die volgende het uit hierdie sessie na vore gekom:

- * "Niemand is bang vir 'n leeu nie."
- * "Hy is die baas in die hok."
- * "Mense sal ook nie met hom sukkel nie."
- * "Ek sal dan nie alleen wees nie."

Tema

'n Tema van mag en beheer het tydens hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Louw het tydens hierdie sessie min weerstand getoon. Hy het sy emosies makliker gekommunikeer en erken dat dit vir hom hartseer is wanneer hy eensaam voel. Dit het ook uit hierdie sessie geblyk dat Louw 'n vrees vir verwerping het en hom as gevolg daarvan emosioneel van mense afsluit. Dit is dus vir hom ook moeiliker om mense met sy emosies te vertrou. Hy het tydens hierdie sessie nie heeltemal gereed gevoel om sy emosies te konfronteer nie.

Sessie 6: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om onvoltooidhede wat in Louw se lewe bestaan, te bepaal.

Speltherapietegniek: Onvoltooide sinne (Thompson & Rudolph, 1992:115).

Doel van die tegniek:

Om Louw die geleentheid te gun om sy onvoltooidhede te erken en te verbaliseer.

Verloop

Louw het sonder inspanning die onvoltooide sinne vir die terapeut voltooi. Die volgende het aan die lig gekom:

- * *Ek weet nie ... altyd mooi nie en sê niks.*
- * *Ek dink ... heeltyd.*
- * *Ek wens ... ek was 'n dier.*
- * *Ek voel ... hartseer wanneer ek alleen is.*
- * *Ek hou van ... my tannie.*
- * *Ek hou die minste van ... groente en huiswerk.*

* *As ek eendag groot is, sal ek ... baie kinders hê.*

Louw was na afloop van hierdie sessie baie emosioneel. Hy wou nie huistoe gaan nie omdat dit "lekker is om saam met tannie te speel". Die terapeut het ook hier 'n selfkoestingstechniek toegepas (Schoeman & Van der Merwe, 1996:181). Hy moes dink aan 'n plekkie wat vir hom veilig is en hom verbeel dat hy daar is. Die terapeut het ook op die besit van sy gevoelens gefokus (Schoeman, 1996:85). Sy het hom toegelaat en gerus gestel dat hy emosies mag ervaar.

Tema


Louw het tydens hierdie sessie 'n vrees vir verlating getoon.

Evaluasie

Louw het tydens hierdie sessie min weerstand getoon. Hy was hartseer en het sy emosies aan die terapeut blootgelê wat op die vertroue wat hy in haar het, dui. Hy toon 'n groot vrees vir verwerping en hy ervaar eensaamheid baie intens. Hy beleef nie sy pleegsituasie negatief nie, aangesien hy by die skool ook alleen voel. 'n Onvoltooidheid rondom sy biologiese ouers bestaan vanweë die vrees wat hy het om weer verwerp te word.

8. GEVALLESTUDIE 6 (JOHAN)

FIGUUR 4: GENOGRAM (GEVALLESTUDIE 6)



Agtergrondgegewens

Johan is as baba deur sy biologiese moeder verlaat, nadat hy buite die eg gebore is. Sy biologiese vader was onopspoorbaar. Hy is in pleegsorg by 'n egpaar op Brits geplaas, waar sy plasing na 'n tydperk van 6 jaar misluk het, omdat sy pleegmoeder hom verwerp het. Hy is in die sorg van 'n ander egpaar oorgeplaas by wie hy tans steeds in pleegsorg verkeer. Sy biologiese moeder het na sy geboorte nooit weer enige kontak met Johan gehad nie.

Sessie 1: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om te bepaal in watter mate Johan sensories met homself en sy omgewing in kontak is.

Speltherapietegniek: Sensoriese kontakmaking (Oaklander, 1988:109-119).

Doel van die tegniek:

- * Om te bepaal in watter mate Johan met homself en dus ook sy gevoelens in kontak is.
- * Om die terapeutiese verhouding op te bou.

Verloop

Die terapeut het Johan blindemol laat speel. Hy is geblinddoek en moes haar soek. Sy het telkens verskillende geluide gemaak wat hy moes volg om haar op te spoor. Daarna moes hy aan verskillende voorwerpe vat, en beskryf hoe dit voel en waaraan dit hom laat dink.

Tema

Geen spesifieke tema het in hierdie sessie na vore gekom nie.

Evaluasie

Johan is 'n baie skaam seuntjie en het gehuil toe hy alleen saam met die terapeut was. Hy het geleidelik bedaar en later begin deelneem. Hy het ook tydens hierdie sessie baie weerstand getoon. Hy huiwer egter nie om blatant oogkontak te maak nie en kyk glad nie rond terwyl hy praat nie. Hy is sensories in kontak met homself, maar het min emosie getoon. Vanweë die vlak van die terapeutiese verhouding, het die terapeut hom nie daarvoor gekonfronteer nie.

Sessie 2: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Johan se belewenis van homself in sy huidige situasie te bepaal.

Speltherapietegniek: Samevloeiing (Schoeman, 1996:67).

Doel van die tegniek:

Om die terapeut behulpsaam te wees om met die kind en sy eie leefwêreld in kontak te kom .

Verloop

Johan het tydens die begin van hierdie sessie gehuil en aan sy pleegmoeder vasgeklou nadat sy hom gebring het. Na haar vertrek het hy onder die terapeut se lessenaar ingekruip en sy bene opgetrek. Hy het met sy kop op sy bene gesit en wou nie na die terapeut kyk nie. Hy wou glad nie met die terapeut praat nie. Die terapeut het ook onder die lessenaar ingekruip en gemaak of sy huil. Johan was egter nuuskierig en het na die terapeut geloer. Die volgende gesprek het gevolg:

- Johan : "Hoekom huil jy ?"
Terapeut : "Want jy wil nie my maatjie wees nie."
Johan : "Ek sal jou maatjie wees."
Terapeut : "Jy wil nie. Jy kruip dan weg. Jy wil nie eens met my praat nie."
Johan : "Ja, ek wil."

Tema

Geen spesifieke tema het tydens hierdie sessie na vore gekom nie. Die terapeut

moes daarop fokus om Johan betrokke te kry.

Evaluasie

Johan het baie weerstand getoon, en homself letterlik en figuurlik heeltemal onttrek. Nadat die terapeut sy vertroue begin wen het, het hy begin om hom oor haar te ontferm. Die terapeut het hom toegelaat om vir haar 'n glasie water te bring. Hy was steeds skaam en het later langs die terapeut gestaan waar sy met ander werk aangegaan het. Hy het baie min gekommunikeer.

Sessie 3: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om die kind se ervaring van sy pleegsorgsituasie te bepaal.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Tekening (Oaklander, 1988:21).

Doel van die tegniek:

Om te bepaal hoe Johan sy pleegsorgsituasie deur middel van projeksie beleef.

Verloop

Johan het 'n tekening van 'n karavaan, 'n huis en 'n landery gemaak. Die tekening het baie detail gehad. Hy het vir die motorhuis 'n deurknoppie in die vorm van 'n hartjie gemaak. Die volgende het na vore gekom:

- * "Ek is die deurknoppie en wil van die muur afspring en wegkruip."
- * "Ek wil nie weer na 'n ander huis gaan nie, al werk die garage deur nie."
- * "Ek wil wegkruip sodat niemand my weer kan wegvat nie."

Tema

'n Tema van verwerping het in hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Johan het tydens hierdie sessie minder weerstand as tydens die vorige sessie getoon. Hy is bang vir vreemde situasies en praat verrassend openlik oor sy emosies. Hy behou deurentyd tydens hierdie sessie oogkontak. Hy beleef sy pleegsorgsituasie positief en sy vrees is dat hy daaruit weggeneem sal word.

Sessie 4: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om verder rondom Johan se belewenis van die pleegsorgsituasie te eksploreer.

Speltherapietegniek: **Projeksietegniek:** Klei (Oaklander, 1988:69).

Doel van die tegniek:

Om die kind se emosionele belewenis van sy omstandighede te bepaal.

Verloop

Johan het gekies om met die klei te speel. Hy het 'n boek gemaak en die terapeut 'n beker. Die volgende het uit hierdie sessie na vore gekom:

- * Johan voel soos die boek waaruit almal net lees.
- * Hy is bang mense maak die boek toe en bêre dit waar niemand dit weer sal kry nie.
- * Hy wil nie soos 'n boek "uitgeleen" word nie.

Tema

Tydens hierdie sessie was dit duidelik dat Johan verlating vrees.

Evaluasie

Johan het nie baie weerstand tydens hierdie sessie getoon nie. Sy kommunikasie was spontaan en gemaklik. Hy het as 'n gelyke met die terapeut gekommunikeer. Hy beskou sy pleegouers as sy ma en pa. Hy het 'n vrees om na "ander mense" te gaan.

Sessie 5: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om onvoltooidhede en polariteite wat Johan in sy lewe ervaar, te bepaal.

Speltherapietegniek: Onvoltooid sinne (Thompson & Rudolph, 1992:115).

Doel van die tegniek:

Om Johan te lei om onvoltooidhede wat hy ervaar, te verbaliseer.

Verloop

Johan kon nog nie lees nie en die terapeut het hom gelei om die onvoltooid sinne te beantwoord. Die volgende het aan die lig gekom:

- * *Ek hou van ... my maatjies.*
- * *Ek is lief vir ... my ma en pa (pleegouers).*
- * *Ek hou die minste van ... raas kry.*
- * *Ek wens ... ek was ryk, dan kan ek vir my 'n kar koop.*
- * *Ek dink ... altyd aan die ander kindertjies.*

Johan voel tevrede in sy huidige omstandighede. Hy beskou sy huidige pleegouers as sy ma en pa, en vrees verwydering van hulle af. Hy is 'n seuntjie wat maklik emosioneel met mense bind.

Tema

'n Tema van aanvaarding het tydens hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Johan toon min weerstand tydens hierdie sessie en hy is heeltyd by die speltherapieproses betrokke. Hy verbaliseer sy gevoelens maklik. Hy beskou sy huidige pleegouers as sy "regte ouers" en vrees verwydering van hulle af. Hy beleef sy huidige omstandighede redelik positief.

Sessie 6: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Johan se gemoedstoestand in die hede te bepaal.

Speltherapietegniek: Gevoelskaarte

Doel van die tegniek:

Om Johan se emosionele belewenis van sy huidige situasie te bepaal.

Verloop

Johan het die volgende gevoelskaart (gesiggie) gekies om by sy gemoedstemming te pas:



Die gemoedstoestand: Tevere

Johan noem dat hy "lekker" by sy ma en pa bly. Hy noem ook pertinent dat hy nie weer daar wil weggaan nie.

Tema

Johan toon deurentyd 'n aanvaarding van sy huidige situasie.

Evaluasie

Johan blyk goed by sy huidige pleegouers aan te pas. Hy het 'n hegte emosionele band met hulle en hy wil nie van hulle af weggaan nie. Hy toon min weerstand tydens hierdie sessie en behou heeldyd oogkontak met die terapeut. Hy kommunikeer gemaklik en daar is nie enige introjekte by hom te bespeur nie.

9. SAMEVATTING

Die terapeut het altesaam ses en dertig (36) sessies hanteer. Sy moes deurentyd haar beplanning by die kind se proses en sy belewenis van sy emosies op 'n gegewe oomblik aanpas. Die meeste doelwitte is tydens die sessies bereik.

Na afloop van al die sessies is gestruktureerde onderhoude met die pleegouers gevoer om te bepaal of die betrokke kinders se gedrag verander het en/of dieselfde gebly het. Vooraf is 'n vraelys deur die terapeut opgestel wat deur

middel van individuele onderhoude met die betrokke pleegouers ingevul is (Bylae 1).

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Deur die vraelyste met die terapeut se onderskeie speltherapiesessies te vergelyk, kan die terapeut 'n verandering in gedrag by die kinders bepaal.

DIE N-VOORSIGSGRUGES

Die doel van hierdie navorsingstudie gaan op ses pleegkinders tussen die ouderdomme 5-8 jaar wat as kliente by die Ondersteuningsraad in die Oos-Kaap se pleegsorg maak 'n integrale deel van die welsynstrategie van die Oos-Kaap se Sportspesjiale tegnieke is tydens hierdie navorsingstudie gebruik om die verandering in gedrag van die kind in pleegsorg te ondersoek.

Die doel van hierdie navorsingstudie is om te bepaal of die gebruik van die speltherapie met die kinders in pleegsorg 'n verandering in gedrag by die kinders bring. Die doel van hierdie navorsingstudie is om te bepaal of die gebruik van die speltherapie met die kinders in pleegsorg 'n verandering in gedrag by die kinders bring.

Die doel van hierdie navorsingstudie is om te bepaal of die gebruik van die speltherapie met die kinders in pleegsorg 'n verandering in gedrag by die kinders bring. Die doel van hierdie navorsingstudie is om te bepaal of die gebruik van die speltherapie met die kinders in pleegsorg 'n verandering in gedrag by die kinders bring.

Deur die vraelyste te gebruik wat die kind se verandering in gedrag by die kinders bepaal.

- die kind se verandering met sy ouers.
- die kind se verandering.